

Ou Testamentiese Geloof



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Galasiërs 3:1–14, Romeine 1:2, 4:3, Genesis 15:6, 12:1–3, Levitikus. 17:11, 2 Korintiërs 5:21.

Geheeteks:

“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: ‘Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang’” (*Galasiërs 3:13*).

Die klein seuntjie het ‘n bootjie gebou en dit pragtig geverf. Op ‘n dag steel iemand sy bootjie en die seun was baie ongelukkig. Toe hy een dag verby ‘n pandjieswinkel stap, sien hy sy bootjie daar staan. Hy hardloop baie opgewonde na die winkeleienaar en sê: “Dit is my boot daardie.” “Dis my boot,” antwoord die eienaar, “want ek het hom gekoop.” “Ja, maar dis myne,” sê die seuntjie, “want ek het hom self gemaak.” “Wel,” antwoord die eienaar, “as jy die boot wil hê, kan jy hom vir R10 by my koop. Dit was baie geld vir ‘n seuntjie wat niks gehad het nie. By die huis het die seuntjie ‘n plan gemaak, en gras begin sny, motors gewas, en los werkies gedoen totdat hy genoeg geld gehad het. By die winkel het die seuntjie die geld op die toonbank neergesit en gesê: “Ek wil my bootjie hê.” Die eienaar van die winkel het die bootjie vir hom gegee en die geld geneem. Toe neem die seuntjie die boot in sy arms en druk dit styf vas en soen dit: “Ek is so lief vir jou, bootjie, jy is myne. Jy is twee keer myne. Ek het jou gemaak, en nou het ek jou gekoop.” “In ‘n sin is dit ook so met ons. Ons is eintlik twee keer die Here s’n. Hy het ons geskape, en toe beland ons in die duiwel se pandjieswinkel. Toe kom Jesus en koop ons teen ‘n duur prys – nie silwer of goud nie – maar met Sy kosbare bloed. Ons is deur die skepping die Here s’n, en ook deur verlossing.” – William Moses Tidwell, *Pointed Illustrations* (Kansas City, Mo.: Beacon Hill Press, 1951) p. 97 – vry vertaal.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 29 Julie.*

Die dwase Galasiërs

Lees Galasiërs 3:1-5. Gee ‘n opsomming van wat Paulus aan hulle sê. Op watter wyse kan ons in gevaar verkeer om in dieselfde geestelike slaggete val, deur reg te begin, en dan in wettiesheid te verval?

Verskeie moderne vertalings het al gepoog om die essensie van Paulus se woorde in vers 1 oor die “onverstandige” Galasiërs vas te vat. Die korrekte woord wat Paulus oorspronklik in Grieks gebruik het, is selfs sterker as dit. Die woord is anoetoi, en dit kom van die woord vir verstand (nous). Dit beteken letterlik “verstandloos”. Die Galasiërs het nie gedink nie. Paulus stop egter nie hier nie; hy sê dat hulle so dwase optrede, hom laat wonder onder wie se betowering hulle gevang is. “Wie het julle betower?” vra hy. Die keuse van sy woorde kan selfs suggereer dat die uiteindelige bron agter hulle toestand die duiwel is (*2 Kor. 4:4*).

Wat Paulus so deurmekaar maak van die Galasiërs se afvalligheid van die evangelie, is dat hulle wel deeglik bewus is daarvan dat hulle verlossing in die kruis van Christus geanker is. Dit is nie iets wat hulle kon mis nie. Die woord wat as “afgeskilder” of “sien (met eie oë)” in Galasiërs 3:1 vertaal is, beteken letterlik “afgebeeld” of “geskilder” (soos op ‘n plakkaat). Dit is gebruik om alle openbare uitvaardigings te beskryf. Paulus sê dat die kruis so ‘n sentrale deel van sy prediking beslaan het, dat hulle eintlik Christus werklik in hulle geestesoog kon sien (*1 Kor. 1:23, 2:2*). Hy sê dus eintlik dat hulle deur hulle optrede wegdraai van die kruis.

Paulus kontrasteer hierdie ondervinding van die Galasiërs met die wyse waarop hulle aanvanklik tot die geloof in Christus gekom het. Hy doen dit deur verskeie retoriese vrae aan hulle te stel. Hoe het hulle die Gees ontvang, m.a.w. hoe het hulle aanvanklik Christene geword? En vanuit ‘n effense ander hoek: Waarom het God die Gees gegee? Het hulle iets gedoen om dit te verdien? Beslis nie! Trouens, dit was omdat hulle die goeie nuus van wat Christus reeds vir hulle gedoen het, geglo het. Hulle het so goed begin, waarom sou hulle nou wou staatmaak op hulle eie gedrag?

Hoe dikwels, indien ooit, dink jy daaraan: Ek doen darem nie te sleg nie. Ek is ‘n redelik standvastige Christen, ek doen nie dit of dat nie . . . en dan heel subtiel, dink jy dat jy darem op ‘n manier goed genoeg is om gered te word? Wat is verkeerd met hierdie beeld?

Gegronde in die Skrif

Tot op hede, in sy brief aan die Galasiërs, het Paulus sy evangelie van regverdigmaking deur die geloof verdedig deur 'n oproep te maak tot die ooreenkoms wat met die apostels in Jerusalem gemaak is (*Gal. 2:1–10*) en op die persoonlike ondervinding van die Galasiërs self (*Gal. 3:1–5*). Paulus begin in Galasiërs 3:6, en rig sy fokus op die getuienis van die Skrif vir die finale en uiteindeike bevestiging van sy evangelie. Trouens, Galasiërs 3:6–4:31 bestaan uit progressiewe argumente wat in die Skrif geanker is.

Wat bedoel Paulus as hy oor die “Skrif” skryf in Galasiërs 3:6-8? Lees ook *Rom. 1:2, 4:3, 9:17*.

Dit is belangrik om te onthou dat op die tydstip toe Paulus sy brief aan die Galasiërs geskryf het, was daar nog geen “Nuwe Testament” nie. Paulus die die vroegste skrywer van die Nuwe Testament. Die evangelie van Markus is waarskynlik die oudste van die vier evangelies, maar dit was waarskynlik nog nie geskryf tot voor Paulus se dood (65 n.C.) nie, d.w.s. ongeveer vyftien jaar na Paulus se brief aan die Galasiërs. Dus, wanneer Paulus na die Skrif verwys, het hy slegs die Ou Testament in gedagte gehad. Die Ou Testamentiese geskrifte speel 'n betekenisvolle rol in Paulus se prediking. Hy beskou hulle nie as dooie tekste nie, maar as gesaghebbend en as die lewende Woord van God. In 2 Timoteus 3:16 skryf hy: “Die hele Skrif is deur God ingegee.” Die woord wat vertaal word as “ingegee” (geïnspireer) is theopneustos. Die eerste deel van die woord (theo) beteken “God”, en die tweede deel beteken “geadem”. Die Skrif is deur God geadem. Paulus gebruik die Skrif om te bewys dat Jesus die beloofde Messias is (*Rom. 1:2*), om onderrig te gee oor die Christelike leefwyse (*Rom. 13:8–10*), en om bewys te lewer dat al sy leringe geldig en waar is (*Gal. 3:8, 9*). Dit is moeilik om presies te bepaal hoeveel honderd keer Paulus uit die Ou Testament aanhaal, maar daar word aanhalings in al sy briewe gesien, behalwe die kortstes, Titus en Filemon.

Lees Galasiërs 3:6–14. Identifiseer die gedeeltes in daardie verse waaruit Paulus uit die Ou Testament aanhaal. Wat vertel dit ons aangaande hoe gesaghebbend die Ou Testament was?

Dink jy soms dat een deel van die Bybel meer “geïnspireer” is as ander dele? Met Paulus se stelling in 2 Timoteus 3:16 in gedagte, wat is die gevaar om in daardie rigting te beweeg?

Gereken as regverdig

Waarom dink jy maak Paulus eerste melding van Abraham as hy die Skrif gebruik om sy evangelieboodskap te bevestig? (*Gal. 3:6*).

Abraham was ‘n sentrale figuur in die Judaïsme. Hy was nie net die vader van die Joodse volk nie, maar die Jode in Paulus se tyd het ook na hom opgekyk as ‘n prototipe van wat ‘n ware Jood behoort te wees. Talle het geglo dat nie slegs sy gehoorsaamheid ‘n onderskeidende karaktereienskap was nie, maar dat God hom ook regverdig verklaar het te danke aan daardie gehoorsaamheid. Trouens, Abraham het sy vaderland en gesin versaak, hy het dit aanvaar om die besnydenis te ontvang, en hy was gewillig om sy seun op God se opdrag te offer. Dit is ware gehoorsaamheid! Met hulle aandrang op die besnydenis, het Paulus se opponente sekerlik soortgelyke redenasies gevoer. Maar Paulus verhang die bordjies (nege keer in Galasiërs) as hy Abraham as die beste voorbeeld van geloof bestempel, in stede van wetsonderhouding.

Dink na oor Paulus se aanhaling uit Genesis 15:6. Wat beteken dit as hy melding maak van Abraham se geloof wat hom “tot geregtigheid gereken” is? (*Lees ook Rom. 4:3–6, 8–11, 22–24.*)

Terwyl regverdigmaking ‘n metafoer is wat uit die regsweese geneem is, kom die woord “gereken” uit die besigheidswêreld. Dit het die betekenis van “tot krediet” of om “iets op iemand se rekening te sit”. Dit word nie slegs toegedig aan Abraham in Galasiërs 3:6 nie, maar dit kom ook elf keer voor in verband met die patriarg. Sommige Bybelweergawes vertaal dit as “gereken” (AFR53), “vertrou” (DB), “goedgevind” (AFR83). Volgens Paulus se metafoer is dit regverdiging wat op ons rekening geplaas word. Die vraag is egter: Op watter basis ag God ons regverdig? Dit kan beslis nie op die basis van gehoorsaamheid wees nie – ten spyte van dit waarop Paulus se teenstanders aangedring het. Ongeag wat hulle gesê het oor Abraham se gehoorsaamheid, sê die Skrif dat dit te danke aan Abraham se geloof was dat God hom regverdig gereken het. Die Bybel is duidelik: Abraham se gehoorsaamheid was nie die grondslag van sy regverdigmaking nie; dit was eerder die gevolg. Hy het nie die dinge gedoen sodat hy regverdig kan wees nie; hy het dit gedoen omdat hy reeds geregverdig was. Regverdigmaking gee aanleiding tot gehoorsaamheid, en nie andersom nie.

Dink ‘n bietjie na oor wat dit beteken – dat jy geregverdig is nie deur enigiets wat jy doen nie, maar slegs deur dit wat Christus vir jou gedoen het. Waarom is dit sulke goeie nuus? Hoe kan jy leer om hierdie stuk waarheid deel van jouself te maak; dit is om te glo dat dit persoonlik op jou van toepassing is, ongeag jou probleme, jou verlede en selfs hede?

Die evangelie in die Ou Testament

“En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: “In jou sal die volke geseën word” (*Gal. 3:8*). Paulus skryf dat die evangelie nie net aan Abraham verkondig is nie, maar dat dit God was wat dit gepredik het; dus, moes dit die ware evangelie wees. Maar wanneer het God die evangelie aan Abraham verkondig? Paulus se aanhaling uit Genesis 12:3 gee ‘n aanduiding dat hy die verbond wat God met Abraham aangegaan het in gedagte gehad het, toe Hy hom in Genesis 12:1-3 geroep het.

Lees Genesis 12:1-3. Wat vertel dit vir ons oor die aard van die verbond wat God met Abraham aangegaan het?

Die grondslag van God se verbond met Abraham sentreer rondom God se beloftes aan hom. God sê vier keer aan Abraham: “Ek sal.” God se beloftes aan Abraham was wonderbaarlik aangesien hulle geheel en al eensydig was. God maak al die beloftes; Abraham maak geen beloftes nie. Dis presies die teenoorgestelde van hoe die meeste mense poog om ‘n verhouding met God te hê. Gewoonlik beloof ons dat ons Hom sal dien, as Hy maar net iets vir ons in ruil daarvoor sal doen. Maar dis wettiesheid. God het nie vir Abraham gevra om enigiets te belowe nie, behalwe om Sy beloftes in geloof aan te neem. Natuurlik was dit geen maklike taak nie, want Abraham moes leer om ten volle op God te vertrou, en nie op homself nie (*kyk Genesis 22*). Dat Abraham geroep is, is ‘n voorbeeld van die kern van die evangelie, wat verlossing deur geloof is. Sommige reken verkeerdelik dat die Bybel twee maniere van verlossing verkondig. Hulle reken dat verlossing in die Ou Testamentiese tye gebaseer was op die onderhouding van die wet, en omdat dit toe nie so goed gewerk het nie, het God die wet afgeskaf en verlossing moontlik gemaak deur geloof. Niks kan verder van die waarheid af wees nie. Paulus het in Galasiërs 1:7 geskryf: Daar is net een evangelie.

Is daar enige ander voorbeelde in die Ou Testament van verlossing deur geloof alleen?

Lees as voorbeelde: *Lev. 17:11, Ps. 32:1-5, 2 Sam. 12:1-13, Sag. 3:1-4.*

Ons hoor dikwels die frase “goedkoop genade”. Maar dis ‘n wanbenaming. Genade is nie goedkoop nie – dis gratis (ten minste vir ons). Maar ons bederf dit wanneer ons dink dat ons dit by ons werke kan sit en dit as ‘n verskoning kan gebruik om te sondig. Uit ons eie ervarings, watter een van hierdie twee wyses hang jy die meeste aan, en hoe kan jou daarmee ophou?

Verlos van ‘n vloek (*Gal. 3:9–14*)

Paulus se teenstanders was ongetwyfeld verstom oor sy kras woorde in Galasiërs 3:10. Hulleself het nie gedink dat hulle onder ‘n vloek was nie; trouens, hulle het verwag om geseën te word vir hulle gehoorsaamheid. Maar Paulus is ondubbelsinnig: “Want almal wat uit werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.”

Paulus stel hier twee totaal verskillende alternatiewe: verlossing deur geloof en verlossing deur werke. Die seëninge en vloeke van die verbond soos uitgestippel in Deuteronomium 27 en 28 was lynreguit. Diegene wat gehoorsaam was, is geseën, diegene wat ongehoorsaam was, is vervloek. Dit beteken as ‘n persoon staatmaak op gehoorsaamheid aan die wet om deur God aanvaar te word, dan moet die hele wet onderhou word. Ons het nie die vryheid om te kies en te keur wat ons wil navolg nie; maar ons moet ook nie net aanneem dat God gewillig is om ‘n paar foute hier en daar oor te sien nie. Dit is alles of niks.

Dit is egter nie net vir die heidene slegte nuus nie, maar ook vir Paulus se wettiese teenstanders, “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (*Rom. 3:23*). Ongeag hoe hard ons probeer om goed te wees, kan die wet ons slegs veroordeel as wetsoortreders.

Hoe het Christus ons vrygemaak van die vloek van die wet? Sien *Gal. 3:13*, *2 Kor. 5:21*.

Paulus stel ons voor aan ‘n ander metafoer wat verduidelik wat God vir ons in Christus gedoen het. Die woord verlos beteken om “terug te koop”. Dit is gebruik as ‘n losprys om gyselaars vry te laat, of om ‘n prys te betaal om ‘n slaaf te bevry. Omdat die loon van die sonde die dood is, is die vloek om na te laat om die wet te onderhou dikwels die doodstraf. Die losprys wat vir ons verlossing betaal is, was nie onbelangrik nie; dit het God die lewe van Sy eie Seun gekos (*Joh. 3:16*). Jesus het ons vrygekoop van die vloek deur ons sondedraer te word (*1 Kor. 6:20, 7:23*). Hy het gewilliglik ons vloek op Homself geneem en om ons onthalwe gely vir die volle straf van sonde (*2 Kor. 5:21*). Paulus haal Deuteronomium 21:23 aan as skriftuurlike bewys. Volgens die Joodse gewoonte was ‘n persoon onder God se vloek indien sy liggaam na sy teregstelling aan ‘n boom opgehang is. Jesus se dood aan die kruis is gesien as ‘n voorbeeld van hierdie vloek (*Hand. 5:30, 1 Pet. 2:24*). Dis daarom geen wonder nie dat die kruis vir sommige Jode ‘n struikelblok was wat nie die idee kon uitstaan dat die Messias deur God vervloek is nie. Maar dit was presies God se plan. Ja, die Messias het ‘n vloek gedra, maar dit was nie Sy eie nie – dit was ons s’n!

Verdere leeswerk:

“Op Christus as ons plaasvervanger en borg is die ongeregtigheid van ons almal gelê. Hy is as oortreder gereken, sodat Hy ons van die oordeel van die wet kon verlos. Die skuld van elke afstammeling van Adam het op Sy hart gedruk. Die toorn van God teen die sonde, die verskriklike manifestasie van Sy misnoeë met die ongeregtigheid, het die siel van Sy Seun met ontsteltenis gevul. Sy lewe lank het Christus die goeie tyding van die Vader se genade en vergewende liefde aan ‘n verlore-gaande wêreld verkondig. Verlossing vir die snoodste sondaar was Sy tema. Maar nou, met die verskriklike las op Sy skouers, kon Hy nie die Vader se versoenende aangesig sien nie. Die onttrekking van die Goddelike gelaat van die Heiland in hierdie uur van Sy hoogste nood, het Sy hart met ‘n smart deurpriet wat die mens nooit volkome sal begryp nie. So groot was hierdie foltering dat Hy skaars Sy liggaamlike pyn gevoel het.”—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 753.

“Luther het nou stoutmoedig opgetree as kampvegter vir die waarheid. Sy stem is van die kansel gehoor in ‘n ernstige, plegtige waarskuwing. Aan die mense het hy die walglike karakter van die sonde voorgedra en hy het geleer dat dit onmoontlik vir ‘n mens is om deur sy eie werke sy skuld te verminder, of die straf te ontduik. Niks behalwe bekering tot God en geloof in Christus kon ‘n sondaar red nie. Die genade van Christus kan nie gekoop word nie, dit is ‘n vrye gawe. Hy het die mense aangeraai om nie aflate te koop nie, maar hulle geloof te vestig op die gekruisigde Heiland.”—Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, p. 129.

Vrae om te bespreek:

- 1. Selfs in ons kerk vandag het mense dit moeilik om verlossing deur geloof alleen te aanvaar, dat God se genade, deur Christus, ons verlos, afgesien van ons werke. Wat skuil agter die huivering dat sommige nie hierdie belangrike waarheid aanvaar nie?**
- 2. Paulus het baie sterk kaspie gemaak teen die teologiese dwaling van verlossing deur werke. Wat vertel dit ons aangaande die belangrikheid van goeie teologie? Waarom moet ons as kerk opstaan, kragdadig as dit moet, wanneer dwalinge onder ons verkondig word?**

Samevatting:

Van die begin tot die einde van die Christelike lewe is die basis van ons verlossing geloof in Christus alleen. Dit was te danke aan Abraham se geloof in God se beloftes dat hy as geregtig gereken is, en dat dieselfde gawe van geregtigheid vir ons elkeen vandag beskikbaar is wat ook in Abraham se geloof deel. Die enigste rede waarom ons nie veroordeel word vir ons foute nie, is dat Jesus die prys van ons sondes betaal het deur in ons plek te sterf.

